


WinskoopToere

DROOM · LEEF · REIS

# Spanje en Portugal
## HOOGTEPUNTETOER
## 2026







**SPANJE EN PORTUGAL**

**R63,000 P.P.**

**26 APRIL - 9 MEI 2026**

# TOER SAAM!

## 26 April - 9 Mei 2026




BELEEF DIE BESTE VAN SPANJE EN PORTUGAL SAAM MET *WinskoopToere*

- Dag 1 Johannesburg/Kaapstad
- Dag 2 Barcelona
- Dag 3 Barcelona
- Dag 4 Peñiscola & Valencia
- Dag 5 Alicante & Granada
- Dag 6 Cordoba & Sevilla
- Dag 7 Sevilla
- Dag 8 Lissabon
- Dag 9 Óbidos & Porto
- Dag 10 Salamanca & Segovia
- Dag 11 Segovia & Madrid
- Dag 12 Toledo & Madrid
- Dag 13 Madrid
- Dag 14 Johannesburg/Kaapstad









## PORTUGAL

HOOFSTAD: LISSABON
TAAL: PORTUGEES
GELDEENHEID: EURO (€)

## SPANJE

HOOFSTAD: MADRID
TAAL: SPAANS
GELDEENHEID: EURO (€)

## VISUM- EN PASPOORTVEREISTES

VISUM: SCHENGENVISUM DEUR SPANJE.
PASPOORT: GELDIG VIR TEN MINSTE DRIE MAANDE NA JOU BEPLANDE TERUGKEER NA SUID-AFRIKA.

## WEERVOORSPELLING

18–24°C
MATIG MET ’N MOONTLIKHEID VAN REËN.







# Ons toerprys is R63,000 p.p. wat deel

## Enkeltoeslag: R11,500

(€1 = R20.50)





| ZAR/EUR | Toerprys |
|---|---|
| R18.50 | R60,000 |
| R19.50 | R61,500 |
| **R20.50** | **R63,000** |
| R21.50 | R64,500 |
| R22.50 | R66,000 |
| R23.50 | R67,500 |

**LET WEL:**
GEEN ekstra betalings vir groepsaktiwiteite word tydens die toer van ons toerlede gehef nie.







## KYK WAT IS ALLES IN ONS TOERPRYS INGESLUIT:

- Ekonomieseklas-retoervliegkaartjie van Johannesburg na Barcelona en van Madrid na Johannesburg. ('n Beperkte aantal retoervliegkaartjies vanaf Kaapstad is moontlik op aanvraag beskikbaar.);
- Lughawebelasting - mag toeneem a.g.v. wisselkoersverandering (tans geen);
- Gerieflike verblyf (bed en buffetontbyt) in dubbel- of twinkamers, elk met eie badkamer. Ons slaap nege aande in viersterhotelle en die res in driesterhotelle;
- Aandetes soos gemeld in ons program of ‘n subsidie van €20 p.p. vir aandetes wat nie as groep saamgeëet word nie;
- ‘n Privaat luukse bus vir die groep (met lugverkoeling en yskas) vir die duur van die toer;
- Fooi vir die busbestuurder: €26 p.p.;
- Twee ervare toerleiers vergesel die toer en neem met kundigheid en vriendelikheid die leiding. (Wees ook gerus: Daar is dus altyd ‘n ekstra persoon wat in geval van nood hulp kan verleen.);
- Gekwalifiseerde Engelssprekende plaaslike gidse vir insiggewende stadstoere in Barcelona, Cordoba, Sevilla, Lissabon, Segovia, Toledo en Madrid. Dié is ‘n besonderse pluspunt op hierdie toer. Hierdie koste – meer as R1,500 p.p. – is by ons toerprys ingesluit;
- Die gebruik van ons eie kwaliteit radio’tjies (oudiogidse) sodat almal die gidse ewe goed kan hoor.

## TOEGANGSGELDE VIR DIE VOLGENDE UITSTAPPIES IS OOK BY DIE PRYS INGESLUIT:

- La Sagrada Familia-basilika in Barcelona;
- Flamenco-aand in Sevilla;
- Moskee-katedraal in Cordoba;
- Katedraal in Sevilla;
- Universiteit in Salamanca;
- Alcázar-kasteel in Segovia.

## WAT IS NIE INGESLUIT NIE?

- Visumkoste;
- Reisversekering;
- Middagetes;
- Drie AA-batterye vir gebruik in die radio’tjies;
- Enige ander toegangsgelde en uitstappies wat jy op jou eie onderneem – volgens jou eie voorkeur;
- Fooitjies en uitgawes van persoonlike aard.



Flamenco-danser



Portugese porselein



Spaanse Paella

## Dag 1 - So. 26 April 2026

### JOHANNESBURG

Ons groep vertrek vanaf O.R. Tambo Lughawe in **Johannesburg** na **Barcelona**.

**ETES EN DRANKIES INGESLUIT**





La Sagrada Familia, Barcelona



Barcelona

## Dag 2 - Ma. 27 April 2026

### BARCELONA

Ons arriveer in **Barcelona**. Hier wag ons luukse bus - wat die hele toer tot ons beskikking is - reeds op ons.

Barcelona is 'n wonderlike stad! Dit het ongeveer 4,7 miljoen inwoners en is die stad met die sewende meeste inwoners in die Europese Unie. Dit word beskou as *one of the world's most global cities.*

Ons begin met 'n interessante stads-besigtigingstoer per bus onder leiding van 'n plaaslike Engelssprekende gids.

(WinskoopToere het ons eie radio'tjies en dit is telkens op die toer vir al die toerlede beskikbaar om gidse goed te kan hoor.)

Eers neem die gids ons per bus na 'n hele aantal interessante besienswaardighede in die stad. Hierdie toer word afgesluit by die fenomenale **La Sagrada Familia-basilika** (toegangskaartjie ingesluit). Werk aan hierdie katedraal het al in 1882 begin en word steeds voortgesit. Dit is een van die uitsonderlikste plekke om te besigtig! Na ons stadsbesigtigingstoer neem die bus ons na ons hotel, waar ons vanaand almal saam gesellig aandete eet.

Ons groep slaap die volgende twee nagte in 'n pragtige luukse viersterhotel in een van die nabygeleë buitewyke van die stad.

**AANDETE: BY HOTEL**
**OORNAG: BARCELONA**

**STADSTOER MET GIDS**

**LA SAGRADA FAMILIA-BASILIKA**

# Dag 3 - Di. 28 April 2026

## BARCELONA

Ons het vandag nog 'n heerlike vol dag in **Barcelona**!

Jy het nou genoeg vrye tyd om Barcelona te verken. Jy kan op jou eie na die indrukwekkende akwarium gaan, in een van die hotelle se daktuine 'n drankie gaan geniet of sommer net in die bekende straat, **La Rambla**, gaan rondwandel en inkopies doen. Jy sal ook genoeg tyd hê om op jou eie die besonderse antieke **Gotiese Buurt** te gaan verken.

Gedurende die dag is daar genoeg tyd om die beroemde **Benediktynse Klooster, Montserrat** (ongeveer 38 km buite Barcelona) op eie onkoste te gaan besoek. 'n Mens kan per trein of per bus daarheen ry en ook die pragtige natuurskoon geniet.

Elke toerlid kry 'n subsidie van €20 p.p. om aandete in die stad te geniet.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €20 SUBSIDIE**
**OORNAG: BARCELONA**

INTERESSANTE BESIENSWAARDIGHEDE OM IN JOU VRYE TYD TE BESOEK:

(DIT IS BETER OM VOORAF KAARTJIES TE BESPREEK)

- PARQUE GÜELL
- LA RAMBLA
- BARRI GÒTIC (GOTHIC QUARTER)
- MUSEU PICASSO
- CASTELL DE MONTJUÏC
- CASA BATLLÓ
- CASA MILÀ (LA PEDRERA)
- MONTSERRAT


Casa Batlló, Barcelona


Parque Güell, Barcelona


La Rambla, Barcelona



## Dag 4 - Wo. 29 April 2026

### PEÑISCOLA - VALENCIA

Ons ry vanoggend al langs die kus af na **Peñiscola**. Hierdie skat van 'n klein kusdorpie met sy kasteel is 'n heerlike verrassing – op 'n skiereilandjie in die see, met pragtige loopstraatjies en gangetjies en oral oulike winkeltjies.

Dan ry ons na **Valencia** - 'n pragtige, rustige stad met baie indrukwekkende marmer-sypaadjies en statige geboue! Valencia is veral bekend vir sy **Paella** en in oulike eetplekkies kan jy dit sommer oor die toonbank koop - met 'n glasie rooiwyn as jy wil!

Hier het ons almal vrye tyd en jy kan byvoorbeeld die **Torres de Serranos** (die oorblywende torings op die stadsmure) gaan besigtig. Die **Beurs van Sy** (**Llotja de la Seda**) waar sy verhandel is, is nie ver daarvandaan nie. Moet dit nie mis nie!

Later ry ons groep na die fassinerende **City of Arts and Sciences** waar ons gaan rondloop en die buitekant van naderby besigtig.

Ons oornag in 'n pragtige viersterhotel en geniet weer 'n lekker aandete as groep saam in die hotel.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY HOTEL**
**OORNAG: VALENCIA**


Peñiscola


Alicante


Alhambra, Granada

## Dag 5 - Do. 30 April 2026

### ALICANTE - GRANADA

Vandag ry ons eers tot by die hawestad **Alicante** aan die **Costa Blanca** (die Wit Kus) met die ou kasteel op die berg. Hier het ons 'n aangename tydjie langs die strand of in die stad.

Hierna vat ons groep die pad na die beroemde stad, **Granada,** waar ons geleentheid het om die stad op ons eie te verken, en om self te kies en keur uit die wonderlike kos van hierdie gebied vir iets te ete die aand.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €20 SUBSIDIE**
**OORNAG: GRANADA**

## Dag 6 - Vr. 1 Mei 2026

**CORDOBA - SEVILLA**

Ons vertrek vanoggend na **Cordoba**. In Cordoba gaan ons genoeg tyd hê om saam met 'n Engelssprekende gids die buitengewone moskee-katedraal te besoek (toegang ingesluit).

Na vrye tyd in Cordoba, vertrek ons na **Sevilla** waar ons die volgende twee nagte oornag.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY HOTEL**
**OORNAG: SEVILLA**

**BESIGTIGINGSTOER MET GIDS**

**MOSKEE-KATEDRAAL**


Moskee-katedraal, Cordoba


Moskee-katedraal, Cordoba


Plaza de España, Sevilla

## Dag 7 - Sa. 2 Mei 2026

**SEVILLA**

Vanoggend geniet ons 'n rustige oggend in **Sevilla**. Dan neem 'n Engelssprekende gids ons deur die belangrikste dele van die stad en ons besoek, onder andere, die pragtige **Plaza de España**. Hier is soveel uitsonderlike kuns dat mens nie kan ophou foto's neem nie!

Daarna gaan ons almal op ons eie in die ou stad met sy imposante katedraal rondstap.

Vanaand gaan ons 'n emosievolle Flamenco-vertoning beleef. Hierdie is ingesluit by ons toerprys.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: FLAMENCO-AAND**
**OORNAG: SEVILLA**

**STADSTOER MET GIDS**

**SEVILLA-KATEDRAAL**

# Dag 8 - So. 3 Mei 2026

## LISSABON

Ons vertrek vanoggend vroegerig na **Lissabon**. Hierdie stad is (naas Athene) Europa se tweede oudste hoofstad en dit is hiervandaan waar **Vasco da Gama** sy seereise aangepak het! Dit is 'n rustige kusdorp – ryk aan geskiedenis en ons ontmoet hier weer 'n Engelssprekende gids wat ons vanmiddag in die stad rondneem en vele plekke van historiese belang aan ons uitwys. Op 'n hele paar plekke gaan ons skakels met Suid-Afrika ontdek. Sy vertel ons ook van die Portugese se gewoontes en later gaan ons van hulle beroemde vla-tertjies – so eie aan Lissabon – eet.

Na ons stadstoer het ons vrye tyd om oral in die stad rond te dwaal. Jy moet beslis ook in **Trem no. 28** ('n outydse trem op 'n interessante roete) gaan ry. Dit is 'n onvergeetlike belewenis. (Maar pasop tog net vir sakkerollers!)

Ons slaap vanaand in 'n voorstad van **Lissabon**. Ons geniet saam aandete in ons hotel.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY HOTEL**
**OORNAG: LISSABON**

**STADSTOER MET GIDS**





Arco da Rua Augusta, Lissabon



Belémtoring, Lissabon



25 April-brug, Lissabon



Trem no. 28, Lissabon

## Dag 9 - Ma. 4 Mei 2026

### ÓBIDOS - PORTO

Vandag ry ons noord en besoek ons die skilderagtige dorpie, **Óbidos** met net 3100 inwoners. Hier is 'n antieke stadsmuur en die dorpie beskik ook oor 'n pragtige kasteel. Kyk uit vir die fraaie straatjies!


Hierna besoek ons groep die asemrowende stad, **Porto**. Dit is die tweede grootste stad in Portugal en is aan die pragtige **Douro-rivier** geleë. Die historiese kern van Porto is 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied. Ons bring die res van die dag hier deur.

Ons hotel is, gerieflik, in die stadsentrum geleë en hier moet ons vanaand beslis van hulle eie egte port gaan geniet!

('n Subsidie van €20 p.p. word aan elke toerlid gegee om aandete by 'n plek van jou keuse in die ou stad van Porto te geniet.)

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €20 SUBSIDIE**
**OORNAG: PORTO**





Hawe, Porto



Universiteit, Salamanca



Katedraal, Salamanca

## Dag 10 - Di. 5 Mei 2026

### SALAMANCA - SEGOVIA

Vanoggend ry ons weer Spanje binne, op pad na **Salamanca**.

Die ou stad van Salamanca is ook 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied en is een van die belangrikste universiteitstede in Spanje. Hierdie universiteit is reeds in 1134 gestig – die oudste universiteit in Spanje.

Dit is werklik 'n belewenis om in hierdie stokou stad met sy ryke geskiedenis rond te loop. Vyftien van die boë in die antieke brug oor die rivier wat na die ou stad lei, kom byvoorbeeld uit die Romeinse tydperk – uit die eerste eeu voor Christus!

Ons slaap vanaand in **Segovia** oor.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €20 SUBSIDIE**
**OORNAG: SEGOVIA**

**UNIVERSITEIT VAN SALAMANCA**

# Dag 11 - Wo. 6 Mei 2026

## SEGOVIA – MADRID

Ons geniet 'n dag in **Segovia** – ook weer 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied as gevolg van al die historiese geboue daarin.

Die stad beskik oor 'n akwaduk wat uit die laat eerste eeu n.C. dateer en dit word as die belangrikste antieke Romeinse ingenieurswerk in Spanje beskou.

In Segovia ontmoet ons vanoggend 'n plaaslike Engelssprekende gids wat ons in die stad rondneem. As groep besigtig ons ook die pragtige **Alcázar-kasteel** (toegang ingesluit).

Na vrye tyd om die stad te verken, ry ons per bus na die Spaanse hoofstad, **Madrid**, waar ons die volgende twee nagte gaan oornag.

Ons bly hier weer in 'n luukse viersterhotel in 'n mooi buurt wat 'n entjie van die middestad af geleë is.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY HOTEL**
**OORNAG: MADRID**

**STADSTOER MET GIDS**

**ALCÁZAR-KASTEEL**


Alcázar-kasteel, Segovia


Akwaduk, Segovia

# Dag 12 - Do. 7 Mei 2026

## TOLEDO - MADRID

Vanoggend ry ons na die beroemde stad **Toledo** (ook 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied) waar 'n gids ons gaan rondneem.

Sinagoges, moskees en kerke staan langs mekaar in die historiese ou stadsgebied. Hier is ook 'n magdom museums, ou brûe, poorte, kloosters en vele meer om te sien. Mans moet gereed wees om hier van die baie beroemde Toledo-messe te koop!

Na ons heerlike besoek ry ons terug na **Madrid** vir die tweede besigtigingstoer van die dag. Met 'n amptelike gids leer ons die besonderse besienswaardighede van Madrid ken. Die gids wys ons, onder andere, ook die **Koninklike Paleis** waar die Spaanse koninklike familie woonagtig is (wanneer hulle in Madrid oorbly). Dit is een van die grootste paleise in Europa.

Vir die sokkergeesdriftiges is dit 'n belewenis om die **Real Madrid-stadium** van naby af te sien. Dan is daar die **Plaza de Toros de Las Ventas**, die bulgevegarena in Madrid waar ons beslis ook 'n draai gaan maak. Later geniet ons vrye tyd in die stad.

Daarna vertrek ons na ons hotel in Madrid en geniet saam aandete.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY HOTEL**
**OORNAG: MADRID**

**STADSTOER MET GIDS (X2)**

INTERESSANTE BESIENSWAARDIGHEDE:

- PALACIO REAL
- MUSEO DEL PRADO
- PARQUE DEL RETIRO
- PUERTA DEL SOL
- PLAZA MAYOR
- TEMPLO DE DEBOD
- MERCADO DE SAN MIGUEL (MARK)


Toledo


Sol-plein, Madrid


La Almudena-katedraal, Madrid

# Dag 13 - Vr. 8 Mei 2026

## MADRID

Ons laaste dag bied nog vele geleenthede om van die baie besienswaardighede in **Madrid** op ons eie te besigtig.

Doen byvoorbeeld die bekende **Hop-On Hop-Off-bustoer** of besoek die beroemde **Prado-museum**. Dit is Spanje se beroemdste kunsmuseum met 'n ontsaglike versameling kunswerke.

Op die boonste verdieping van die koninklike paleis wat ons juis die vorige dag gesien het, kan jy 'n drankie gaan drink terwyl jy 'n fantastiese uitsig oor die stad het. Daar is ook tyd om allerlei inkopies in die stad te doen.

Later ry ons per bus na die lughawe vanwaar ons vanaand terug na Suid-Afrika vertrek.

**ONTBYT: INGESLUIT**

**ETES EN DRANKIES INGESLUIT**




Gran Vía, Madrid



Palacio de Cibeles, Madrid

# Dag 14 - Sa. 9 Mei 2026

## JOHANNESBURG

Ons land in **Johannesburg**. Nadat ons soveel gesien en beleef het, gaan ons nog jare lank die mooiste herinneringe hieraan koester!

**WinskoopToere behou die reg om die prys en toerprogram te wysig.











# KLIEK HIER OM TE BESPREEK

OF BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING

★★★★★

"Die beste georganiseerde toere. Beste toerleiers. Beste bestemmings. Sit terug en geniet elke oomblik. Al die dinkwerk is reeds vir jou gedoen!"

*- Lizette Veldsman*

"Professioneel georganiseerd. Baie verrassings om te sien en te ervaar. Ons het welkom en veilig gevoel in goeie hande deur die toerleiers. Die plekke wat WinskoopToere gekies het om te besoek is uitstaande! Sien uit na nuwe komende toere!"

*- Annelien Van Aswegen*










Ems: +27 83 637 1542
Sarisna: +27 83 637 1642

WinskoopToere
DROOM · LEEF · REIS

droom@winskooptoere.co.za
www.winskooptoere.co.za









# Uit die pen van 'n toerleier

Om te gaan toer in Spanje en Portugal is soos om uit jou eie vel in iemand anders s'n te klim.

In Spanje word jy deur 'n baie sterk sin vir kultuur omring - dis oral! Jy sien dit in die geboue, die mense, die taal en in die kos. Hul vriendelike en spontane karakter trek mens onmiddellik aan en laat jou déél voel van hierdie unieke land. Dan is daar natuurlik ook 'n gemaklikheid en 'n rustigheid onder die mense. Ja! Die siesta tussen 12:00 en 15:00 is nie 'n mite nie - dis 'n werklikheid onder die Spanjaarde! Daarmee maak hul 'n baie gewilde toeristebestemming ook op sy eie manier rustig.

Portugal is, hoewel so eenders as Spanje, tog ook so anders. Hierdie besonderse land staan nie engsins terug in skoonheid, kultuur of warmte nie! Dink jou in: 'n glasie port langs die Dourorivier terwyl jy oor die indrukwekkende Luisbrug uitkyk met die son wat sak en die liggies wat regoor die pragtige Porto lewe kry - omring deur soveel gesellige Portugese. Hierdie is 'n ervaring wat mens kan indrink en vir altyd bêre.

Ek reis graag weer na Spanje en Portugal - hierdie is twee lande waarvan ek net nie genoeg kan kry nie! Elke keer na so 'n reis voel ek vervuld en gereed om 'n paar Spaanse en Portugese gewoontes terug te bring huistoe!

*Emma Howell*